



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

JUNIE 2019

EKONOMIE V1

PUNTE: 150

TYD: 2 uur



Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDEBOEK.
 - AFDELING A: VERPLIGTEND
 - AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.
 - AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.
2. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
3. Skryf die vraagnommer boaan elke antwoord neer.
4. Lees die vrae noukeurig en begin elke vraag boaan 'n NUWE bladsy.
5. Laat 2–3 reëls oop tussen onderafdelings van vrae.
6. Beantwoord vrae in volsinne en maak seker dat die uitleg, inhoud en konteks van jou antwoorde voldoen aan die kognitiewe vlakke van die vrae.
7. Beantwoord slegs die vereiste aantal vrae. Meer antwoorde as die vereiste aantal, sal NIE nagesien word NIE.
8. Gebruik slegs swart of blou ink.
9. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
10. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A (VERPLIGTEND)**VRAAG 1**

- 1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.9 D.
- 1.1.1 Ten einde die voordele van doeltreffende markte te geniet, behoort lande staat te maak op die beginsel van ... voordele.
- A mededingende
 - B gerieflike
 - C vergelykende
 - D relatiewe
- 1.1.2 Goedere wat as sosiaal skadelik beskou word, staan as ... goedere bekend.
- A meriete
 - B nie-meriete
 - C kapitaal-
 - D openbare
- 1.1.3 Banke word soms deur die Reserwebank toegelaat om die minimum kontantreserwes te verander. Dit staan as ... bekend.
- A rentekoerse
 - B morele oorreding
 - C kontantreserwe vereistes
 - D opemark-transaksies
- 1.1.4 Wanneer die vraag laag is en die werkloosheid hoog is, kan die regering ...
- A belastings verlaag.
 - B regerings besteding verlaag.
 - C regerings besteding sowel as belastings verlaag.
 - D belastings verhoog.
- 1.1.5 Lande met fundamentele betalingsbalans probleme kan aansoek doen vir finansiële hulp van die ...
- A Internasionale Monetêre Fonds.
 - B Federale bank
 - C Wêreldbank
 - D Reserwebank

- 1.1.6 Goedere waarvan daar 'n volledige aanbod is of geen aanbod, bv. weermag, staan as ... goedere bekend.
- A kollektiewe
 - B openbare
 - C privaat
 - D gemeenskap
- 1.1.7 Watter EEN van die volgende kan 'n tekort op die betalingsbalans veroorsaak?
- A Inkomende buitelandse investering
 - B Styging in buitelandse valuta-reserwes
 - C Afname in mineraal-uitvoere
 - D Styging in uitvoere
- 1.1.8 Ekonomiese integrasie waar lidlande ooreenkom op 'n gemeenskaplike buitelandse ekonomiese beleid, staan as 'n ... bekend.
- A vryhandelsgebied
 - B doeane-unie
 - C gemeenskapsmark
 - D ekonomiese unie
- (8 x 2) (16)

- 1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n begrip in KOLOM A pas. Skryf slegs die korrekte letter (A–I) langs die ooreenstemmende vraagnommer (1.2.1–1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.9 K.

KOLOM A	KOLOM B
1.2.1 Ekonomiese groei	A word verkry wanneer die uitwerking van ongereelde gebeurtenisse en seisoene verwyder word uit 'n tydreeks se data
1.2.2 Burokraat	B wisselkoersstelsel waar die waarde van die geldeenheid deur slegs die markkragte bepaal word
1.2.3 Monetêre beleid	C 'n situasie in die ekonomie waar lekkasies meer is as insputings
1.2.4 Ekonomiese regverdigheid	D verander eers nadat die sakesiklus verander het
1.2.5 Reële sakesiklus	E 'n styging in die produksie kapasiteit van die ekonomie oor 'n bepaalde periode van tyd
1.2.6 Globalisasie	F gebruik rentekoerse om die vlak van besteding te beïnvloed
1.2.7 Vry-swewend	G 'n beampte in 'n regeringsdepartement
1.2.8 Dis-ekwilibrium	H progressiewe belastingskale word gebruik
	I interaksie en tussenbelegsels van lande met handel as 'n gemeenskaplike element

(8 x 1) (8)

- 1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer. Akronieme en afkortings sal NIE aanvaar word NIE.
- 1.3.1 'n Dokument wat die verwagte inkome en verwagte besteding weergee
- 1.3.2 'n Doelbewuste styging in die waarde van 'n geldeenheid
- 1.3.3 'n Fase in die sakesiklus, wat met stygende winste verbind word
- 1.3.4 Dit word betaal aan produsente om hulle produksiekoste te verlaag en hulle aan te moedig om goedere en dienste te produseer
- 1.3.5 'n Finansiële instrument wat tussen lande wat aan die Internasionale Monetêre Fonds behoort, versprei word
- 1.3.6 'n Minimum vlak van verbruik wat plaasvind, al het die verbruiker geen besteebare inkome nie (6 x 1) (6)
- TOTAAL AFDELING A: 30**

AFDELING B

Beantwoord TWEE van die drie vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE**40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem TWEE redes vir internasionale handel. (2 x 1) (2)

2.1.2 Waarom hef die regering hoë belastings op nie-meriete goedere? (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die onderstaande SPOTPRENT en beantwoord die vrae wat volg.



2.2.1 Na watter handelsbeleid word daar in bogenoemde spotprent verwys? (1)

2.2.2 Noem enige lidland van die Mercosur handelsblok. (1)

2.2.3 Omskryf die begrip 'vryhandel'. (2)

2.2.4 Verduidelik kortliks 'innovasie' as 'n argument ten gunste van vryhandel. (2)

2.2.5 Hoe sal beskerming van natuurlike hulpbronne plaaslike nywerhede bevoordeel? (2 x 2) (4)

2.3 Bestudeer die onderstaande tabel en beantwoord die vrae wat volg.

NASIONALE REKENINGE IN R-miljard	
Teen heersende pryse	2016
Primêre sektor	371 268
Landbou, bosbou en vissery	84 662
Mynbou en steengroewe	286 606
Sekondêre sektor	(A)
Vervaardiging	452 326
Elektrisiteit, gas en water	125 377
Konstruksie	138 917
Tersiêre sektor	2 316 605
Bruto toegevoegde waarde teen basiese pryse	340 4493

2.3.1 Watter metode is gebruik om die BTW in bogenoemde tabel te bereken? (1)

2.3.2 Noem enige aktiwiteit wat onder die tersiêre sektor val. (1)

2.3.3 Verduidelik kortliks die begrip '*BTW teen konstante pryse*'. (2)

2.3.4 Bereken die bydrae van die sekondêre sektor (A). Toon alle berekeninge. (2)

2.3.5 Beklemtoon die belangrikheid van nasionale rekening totale. (2 x 2) (4)

2.4 Onderskei tussen *endogene* en *eksogene redes*. (4 x 2) (8)

2.5 Hoe sal korrupsie 'n negatiewe uitwerking op die doeltreffendheid van die regering het? (8)

[40]


VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES**40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem TWEE voorbeelde van lekkasies. (2 x 1) (2)

3.1.2 Watter uitwerking sal ad valorem tariewe op luukse artikels hê? (1 x 2) (2)

3.2 Bestudeer die onderstaande grafiek en beantwoord die vrae wat volg.



3.2.1 Hoe lank duur 'n Juglar-siklus? (1)

3.2.2 Wat is die helling van die tendenslyn in bostaande grafiek? (1)

3.2.3 Omskryf die begrip 'saamgestelde aanwyser'. (2)

3.2.4 Verduidelik kortliks die regering se doel met sakesiklus beleide. (2)

3.2.5 Hoe kan die lengte in die voorspelling van 'n sakesiklus gebruik word? (2 x 2) (4)

3.3 Bestudeer die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

Volgens Eskom se hoof uitvoerende beampte, Phakamani Hadebe, was 2018 'n uitdagende jaar vir die kragverskaffer en die skoonmaakproses was tydwend, maar nodig. Volgens Eskom is daar geen kits oplossing om met hulle magdom probleme te deal nie, wat volg op jare van korrupsie. Maar hulle bly optimisties dat hulle hulle uitdagings, met tyd, te bowe sal kan kom.

Eskom is tans in 'n beroerde finansiële posisie en benodig meer as R70 miljard om sy finansiële verpligtinge te kan nakom.

[Bron: NEWS24]

- 3.3.1 Watter instansie reguleer die verskaffing van elektrisiteit in Suid-Afrika? (1)
- 3.3.2 Noem EEN probleem wat die kragverskaffer al vir jare in die gesig staar. (1)
- 3.3.3 Omskryf die begrip '*parastatale*'. (2)
- 3.3.4 Verduidelik kortliks '*ondoeltreffendheid*' as 'n kenmerk van openbare sektor mislukking. (2)
- 3.3.5 Hoe kan die Suid-Afrikaanse regering die gebrek aan verantwoordelikeheidsin aanspreek? (2 x 2) (4)
- 3.4 Bespreek '*doelwit gebonde*' en '*vraagsydig*' as kenmerke van die fiskale beleid. (4 x 2) (8)
- 3.5 Verduidelik hoe ope-mark transaksies aangewend kan word om sakesiklusse uit te stryk. (8)
- [40]**

VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES**40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem TWEE argumente ten gunste van privatisering. (2 x 1) (2)

4.1.2 Hoe sal die SARB 'n oorgewaardeerde rand regstel? (1 x 2) (2)

4.2 Bestudeer die onderstaande tabel en beantwoord die vrae wat volg.

BETALINGSBALANS

R MILJARD			
Lopende rekening	2016	2017	2018
Goedere uitvoer	1074	1089	1056
Netto goud uitvoere	50	68	77
Goedere invoere	1066	1106	1158
Handelsbalans	58	51	-25
Netto dienste, inkome en lopende oordragbetalings	-150	-181	-204
Saldo op die lopende rekening	-92	-130	-229

[Aangepas uit SARB KB, Junie 2018]

4.2.1 Waarom word goud as 'n aparte item in die lopende rekening gelys? (1)

4.2.2 Watter neiging toon die lopende rekening van 2016 tot 2018? (1)

4.2.3 Omskryf kortliks die begrip '*handelsbalans*'. (2)

4.2.4 Verduidelik die doel van die lopende rekening. (2)

4.2.5 Hoe kan die regering ons geldeenheid gebruik om die handelsbalans te verbeter? (2 x 2) (4)

4.3 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

STYGING IN BTW !!!

Die minister van finansies het in sy begrotingstoespraak aangekondig dat die BTW-koers met 1% tot 15 % sal styg, met ingang 1 April 2018. Daarmee word verwag dat die inkome met 'n addisionele R22 miljard sal toeneem.

Dit sal egter lei tot addisionele kostes vir verbruikers omdat hulle ekstra sal moet betaal op enige aankope van goedere en dienste. Dit sal 'n groot impak op huishoudings meebring, wat alreeds 'n eng begroting het.

Dit samel groot bedrae in as inkome vir die regering.

[Aangepas uit News24, 23 Februarie 2018]

- 4.3.1 Noem EEN voorbeeld van 'n indirekte belasting. (1)
- 4.3.2 Wat word bedoel met persoonlike inkomstebelasting verligting? (1)
- 4.3.3 Watter impak sal 'n styging in die BTW-koers op die lewenstandaard van die armes hê? (2)
- 4.3.4 Omskryf kortliks by watter projekte die regering betrokke sal raak ten einde inkome in te vorder. (2)
- 4.3.5 Hoe dra verlaagde belasting by tot 'n verhoogde staats-inkome? (2 x 2) (4)
- 4.4 Verduidelik kortliks die maatreëls wat toegepas kan word ten einde die tekort op die betalingsbalans te verminder. (4 x 2) (8)
- 4.5 Hoekom is '*bevordering van werkverskaffing*' en '*voorkoming van storting (dumping)*' belangrik om ontwikkelende lande teen oorsese mededinging te beskerm? (8)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 80

AFDELING C

Beantwoord EEN van die volgende twee vrae in hierdie afdeling.

Jou antwoord sal as volg geassesseer word:

STRUKTUUR VAN OPSTEL	PUNTE-TOEKENNING
Inleiding <ul style="list-style-type: none"> • 'n Goeie begin sal wees om die begrip of sleutelwoord wat in die vraag gebruik word, te definieer. • Sluit ander sinne in om die onderwerp te ondersteun. • Moenie enige gedeelte van die vraag in jou inleiding insluit nie. • Moenie enige gedeelte van die inleiding in jou inhoud herhaal nie. • Vermoeg om in die inleiding te sê wat jy in die inhoud gaan bespreek 	Maks. 2
Inhoud Hoofgedeelte: <ul style="list-style-type: none"> • Bespreek in detail / In-diepte bespreking / Onderzoek / Bespreek krities / Ontleed / Vergelyk / Evalueer / Onderskei / Differensieer / Verduidelik / Assesseer / Debatteer Addisionele gedeelte: <ul style="list-style-type: none"> • Gee eie mening / Bespreek krities / Evalueer / Evalueer krities / Teken 'n grafiek en verduidelik / Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik / Voltooi die gegewe grafiek / Bereken / Lei af / Vergelyk / Verduidelik / Onderskei / Interpreteer / Debatteer 	Maks. 26 Maks. 10
Slot Enige toepaslike hoër orde slot wat die volgende behoort in te sluit: <ul style="list-style-type: none"> • 'n Kort opsomming van wat bespreek is / ontleed sonder om reeds genoemde feite, in die inhoud, te herhaal • 'n Mening of gewaardeerde oordeel oor die bespreekte feite • Addisionele ondersteunende inligting om bespreking te versterk / ontleding • 'n Teenstrydige sienswyse met motivering, indien vereis • Aanbeveling 	Maks. 2
TOTAAL	40

VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE

- Bespreek die rol van die verskillende markte in die ekonomiese kringloop, sonder die gebruik van 'n diagram. (26 punte)
- Hoe sal 'n styging in inspannings die ewewigsvlak van die nasionale inkome beïnvloed? (10 punte)

[40]

VRAAG 6: MAKRO-EKONOMIE

- Bespreek 'invoervervanging' as deel van Suid-Afrika se internasionale handelsbeleid, onder hoofde van die volgende:
 - Redes
 - Voordele
 - Nadele (26 punte)
- Hoe suksesvol was Suid-Afrikaanse beleide ten einde inkome ongelykheid aan te spreek? (10 punte)

[40]

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 150

